

Date Printed: 04/23/2009

JTS Box Number:

IFES_72

Tab Number:

53

Document Title:

Election news for regional councils 3 and
4

Document Date:

1996

Document Country:

South Africa

Document Language:

English

IFES ID:

CE01800



* 8 A 8 2 B 1 A 9 - 5 3 C 1 - 4 8 3 4 - 9 F F 6 - 4 9 9 A 8 E 5 2 F 5 5 6 *

Thukela Joint Services Board Region Election news for Regional Councils 3 and 4

Thukela Gesamentlike Diensteraadgebied Verkiesingnuus vir Streeksrade 3 en 4

**Regional Council Elections
Wednesday, 26 June 1996**

**Streeksraadverkiesings
Woensdag, 26 Junie 1996**

On 29 May 1996, communities in KwaZulu-Natal are requested to vote for parties that will constitute the seven Regional Councils in the province, along with nominated councillors. These Regional Councils will replace Joint Services Boards.

If you are a registered voter, please use your right to vote, since your Regional Council will only be truly representative if every registered voter participates in the election process.

Unlike in towns and cities where people will vote for parties as well as ward candidates, those who live in the "remaining area" (collective name for farming areas, settlements, areas under the jurisdiction of traditional leaders, and townships and hamlets which do not form part of the Transitional Local Councils) will only vote for parties.


Each Regional Council will consist of representatives of elected parties, as well as traditional leaders, women, levy payers and representatives from Transitional Local Councils in towns situated in that Regional Council area. Representatives of the last four groups will be nominated to serve in Regional Councils. The way in which this will be done still has to be finalised.

Gemeenskappe in KwaZulu-Natal word versoek om op 29 Mei 1996 hul stemreg te gebruik om te stem vir partye wat in die sewe Streeksrade in die provinsie saam met genomineerde raadslede sal dien. Hierdie Streeksrade vervang Gesamentlike Diensterade.

As u as kieser geregistreer is, gebruik asseblief u reg om te stem, want u Streeksraad kan slegs verteenwoordigend wees as elke geregistreerde kieser aan die verkiesingsproses deelneem.


Anders as in dorpe en stede waar mense vir partye sowel as vir wykskandidate sal stem, gaan diegene wat in die "oorblywende gebied" woon (kollektiewe naam vir plase, nedersettings, gebiede onder die jurisdiksie van tradisionele leiers en klein dorpies wat nie deel van die Plaaslike Oorgangsrade vorm nie) net vir partye stem.

Elke Streeksraad sal bestaan uit verteenwoordigers van verkose partye, sowel as tradisionele leiers, vroue, belastingbetaalers en verteenwoordigers van Plaaslike Oorgangsrade in dorpe wat in daardie Streeksraadsgebied geleë is. Verteenwoordigers van die laaste vier groepe sal genomineer word om in Streeksrade te dien. Die manier waarop dit sal geskied moet nog gefinaliseer word.



Polling district/ Streksdistrik	Area
3/1	UTRECHT
3/2	NEWCASTLE
3/3	DUNDEE / DANNHAUSER / GLENCOE
3/4	NQUTU NORTH Khiphinkunzi Sizamile Molete Nqutu Town Nondweni
3/5	NQUTU SOUTH Vulindlela Mbokodwebomvu Lukwazi Jama Mangwebuthanani eMandleni Zondi
3/6	QAMU, MSINGA
3/7	MADADENI
3/8	BOMVU, MSINGA
3/9	MABASO/MTEMBU MCUNU/NGOME, MSINGA
3/10	

Polling district/ Stemdistrik	Area
4/1	KLIPRIVER
4/2	ESTCOURT / WEENEN
4/3	BERGVILLE
4/4	DRIEFONTEIN
4/5	EMNAMBITHI
4/6	OKHAHLAMBA SOUTH
4/7	OKHAHLAMBA Amazizi Amagwane



Composition of Regional Councils

Regional Council 3 consists of:

- traditional leaders (the number not yet known)
- 59 Transitional Local Council representatives
- 41 people from the remaining area.

Of these 41 people from the remaining area-

- 4, which is 10 % of 41, will be women
- 4, which is 10 % of 41, will be levy payers,
- 33, which is 80 % of 41, will be elected members.

Regional Council 4 consists of:

- traditional leaders (the number not yet known)
- 31 Transitional Local Council representatives
- 77 people from the remaining area

Of these 77 people from the remaining area-

- 8, which is 10 % of 77, will be women
- 8, which is 10 % of 77, will be levy payers,
- 61, which is 80 % of 77, will be elected members.

Samestelling van Streeksrade

Streeksraad 3 bestaan uit:

- tradisionele leiers (die getal is nog onbekend)
- 59 Plaaslike Oorgangsraadverteenwoordigers
- 41 mense van die oorblywende gebied.

Van hierdie 41 mense van die oorblywende gebied sal -

- 4, wat 10 % van 41 is, vroue wees
- 4, wat 10 % van 41 is, belastingbetalers wees.
- 33, wat 80 % van 41 is, verkose lede wees.

Streeksraad 4 bestaan uit:

- tradisionele leiers (die getal is nog onbekend)
- 31 Plaaslike Oorgangsraadverteenwoordigers
- 77 mense van die oorblywende gebied.

Van hierdie 77 mense van die oorblywende gebied sal -

- 8, wat 10 % van 77 is, vroue wees
- 8, wat 10 % van 77 is, belastingbetalers wees
- 61, wat 80 % van 77 is, verkose lede wees.

Proportional representation

The number of seats per party will be allocated proportionally. For instance: There are 80 seats for party representatives in Regional Council A, and three parties participate in the election. Party X gets 50 % of the votes, Party Y gets 20 % and Party Z 30 %. This means Party X must appoint the first 40 persons, Party Y the first 16 persons and Party Z the first 24 persons on their party lists to become councillors. When parties registered for the election earlier this year, each had to supply the names of their representatives. These representatives had to comply to several requirements, such as that they have to be registered voters in the Regional Council area in which the party stands for the election. The names of parties and their representatives have been announced in local newspapers.

Where to vote

You have to vote at a polling station in the polling district in which you have registered. Each polling district will have several polling stations and you can vote at any of them. Closer to the election, posters indicating polling stations in your area will be put up. Please contact the Election Office if you are uncertain where to vote.

Proporsionele verteenwoordiging

Die aantal setels per party sal proporsioneel toegeken word. Byvoorbeeld: Daar is 80 setels vir partyverteenwoordigers in Streeksraad A, en drie partye neem deel aan die verkiesing. Party X kry 50 % van die stemme, Party Y 20 %, en Party Z 30 %. Dit beteken Party X moet die eerste 40 persone. Party Y die eerste 16 persone en Party Z die eerste 24 persone op hulle partylyste as raadslede aanwys. Toe partye vroeër vanjaar vir die verkiesing geregistreer het, moes elkeen die name van hul verteenwoordigers voorsien. Hierdie verteenwoordigers moes aan verskeie vereistes voldoen, soos dat hulle as kiesers geregistreer moet wees in die Streeksraadsgebied waarin die party aan die verkiesing wil deelneem. Die name van partye en hul verteenwoordigers is reeds in plaaslike koerante geadverteer.

Waar om te stem

U moet stem by 'n stemlokaal in die stemdistrik waarin u geregistreer het. Elke stemdistrik sal verskeie stemlokale hê en u kan by enige van hulle stem. Nader aan die verkiesing sal plakkate opgesit word wat die stemlokale in u gebied aandui. Kontak asseblief die Verkiesingskantoor as u onseker is waar om te stem.

What happens on election day?

Voting will take place from 07:00 to 22:00. Please take along the same identity document you used to register as a voter. The identity number in this document must correspond with the number on the voters' roll. The voting procedures are quite simple and election officials will guide you through the process. Remember, if you make a mistake on your ballot paper, don't try to rectify it - ask the presiding officer for a new ballot paper. Don't write your name on the ballot paper.

What will the ballot paper look like?

It will be similar to the ballot paper used during the 1994 national election. Next to each party's name is a block where you can make a cross.

Where will the results be announced?

Counting may take hours or days and results will be announced at certain venues thereafter. Addresses of these venues are available from the Election Office.

What happens after the election?

The Regional Councils will be established on 1 July 1996. The councillors of the new Regional Councils will meet within 28 days. Their primary focus will be on the development of their areas of jurisdiction, to the benefit of all the communities. After the election it will take a while to get the new Regional Councils going. All the councillors will have to be trained to enable them to look after the communities' needs. You must not expect of them to be able to deliver services immediately after the election.

If you want the party of your choice to represent you in your Regional Council, don't stay away on 29 May!

Enquiries:

Thukela Election Office, tel (0361) 311152
(0361) 311178

IDASA, tel 0800 111 006

*Issued by: Thukela Joint Services Board,
HWD Building,
84 Murchison St. Ladysmith*

Wat gebeur op verkiesingsdag?

U kan tussen 07:00 en 22:00 stem. Neem asseblief dieselfde identiteitsdokument waarmee u geregistreer het om 'n kieser te word, saam na die stemlokaal. Die identiteitsnommer in hierdie dokument moet ooreenstem met die nommer op die kieserslys. Die stemproses is heel eenvoudig en verkiesingsbeamptes sal u deur die proses lei. Onthou, as u 'n fout op u stembrief maak, moenie dit probeer regmaak nie. Vra die Voorsittende Beampte vir 'n nuwe stembrief. Moenie u naam op die stembrief skryf nie.

Hoe lyk die stembrief?

Dit is soortgelyk aan die stembrief wat tydens die 1994 nasionale verkiesing gebruik is. Langs elke naam is 'n blokkie waarin u 'n kruis kan maak.

Waar sal die uitslae aangekondig word?

Die stemtellyery kan ure of dae neem. Uitslae sal daarna by spesifieke lokale bekend gemaak word. Adresse van hierdie lokale is by die Verkiesingskantoor verkrybaar.

Wat gebeur ná die verkiesing?

Die Streeksrade sal op 1 Julie 1996 tot stand kom. Die raadslede van die nuwe Streeksrade sal binne 28 dae na die totstandkoming van die Streeksrade vir die eerste keer vergader. Hul primêre fokus sal egter wees op die ontwikkeling van hul bedieningsgebiede, tot voordeel van al die gemeenskappe. Dit sal 'n tydjie neem vir Streeksrade om van die grond af te kom en dienste en infrastruktuur te begin lewer. Alle raadslede sal opgelei moet word om na die gemeenskappe se behoeftes om te sien. U moet nie verwag dat hulle dadelik ná die verkiesing in staat sal wees om dienste te lewer nie.

As u wil hê die party van u keuse moet u in u Streeksraad verteenwoordig, moenie wegblý op 29 Mei nie!

Navrae:

Thukela Verkiesingskantoor, tel (0361) 311152
(0361) 311178

IDASA, TEL 0800 111 006

Uitgereik deur: Thukela Gesamentlike Diensteraad, HWD - gebou, Murchisonstr 84, Ladysmith